# Xcel-program

**Wat is die Xcel-program?**

Die Xcel-program is ’n oorbruggingsprogram wat studente vir ingenieurstudies voorberei. Die program bestaan uit twee hoofgedeeltes:

**Wiskunde en Fisiese Wetenskappe (Basiese Onderwys)**

1. Die studente word in klein klasse hanteer. Daar is slegs 25 plekke beskikbaar. Plek vir die Xcel-progran is dus onderhewig aan streng keuring.
2. Die studente het die geleentheid om nuwe SBA-punte op te bou (skoolgebaseerde assesseringspunte). Die SBA is 'n portefeulje met bewyse wat tot die finale assessering in die matriekeindeksamen bydra.
3. Die studente herhaal die graad 11 en 12 kurrikulum (soms word graad 10-inhoud ook herhaal). Daar is 10 ure Wiskunde- en 10 ure Fisiese Wetenskapklasse per week. Bykomend is daar 2 ure tutoriaalklasse per vak per week. Klasbywoning is verpligtend.
4. Die studente skryf weer tydens die NSS-eksamen Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. Dit word onder toesig van die Departement van Basiese Onderwys by Hoërskool Ferdinand Postma geskryf. Alle klasse word op die Ferdinand Postma kampus aangebied.

**Universiteitsaanbiedings (Hoër Onderwys)**

**1. ALDE111 en ALDE121 (Academic Literacy Development)**

Die Xcel-studente registreer vir ’n enkele universiteitsvak (ALDE111 en 121: taal-, lees- en skryfvaardighede) en is dus NWU-studente. Dit is belangrik om te leer om eie verantwoordelikheid vir ’n vak te neem en deel van groot klasse te wees. Hulle moet ALDE111 in die eerste semester slaag om met ALDE121 in die tweede semester te kan voortgaan. Studente wat dus ALDE111 druip, sal ongelukkig die Xcel-program voor die aanvang van die tweede semester moet staak.

**2. CAD (Computer Aided Design) en Programmering**

Hulle neem ook twee vaardigheidsvakke wat hulle vir die ingenieursprogramme voorberei. Die studente maak 3D-afdrukkings van hul ontwerpe en demonstreer die ontwerpe voor ’n paneel van ingenieurs, wat hulle ook evalueer. Dit is ter voorbereiding vir hulle finalejaars-ingenieursprojek wat nasionaal deur ’n paneel van ingenieurs beoordeel sal word.

Gedurende die Xcel-jaar ontwikkel studente goeie studiegewoontes, effektiewe studiemetodes en tydsbestuursvaardighede. Individuele akademiese- en sielkundige ondersteuning is beskikbaar.

Ons beveel nie universiteitskoshuisverblyf aan nie, aangesien koshuisaktiwiteite dikwels met die verpligte klasse in die Xcel-program bots. Verblyf is op die perseel van Hoërskool Ferdinand Postma beskikbaar . Die skool bied ’n keuse van woonstelle en ook ’n studentehuis vir mansstudente, wat gerieflike en praktiese verblyfopsies is.

Kontak gerus vir Mevrou Mariëtte Geldenhuys (ferdiesxcel@gmail.com) by (018) 290 5539 om die aansoekvorm vir die Xcel-program te verkry. Die aansoekvorm en brosjure kan ook hier besigtig en afgelaai word: https://engineering.nwu.ac.za/sites/engineering.nwu.ac.za/files/files/2025/Xcel%202026/Application%20form%20Xcel-1.pdf

**Die impak van ’n tweede kans**

’n Tweede kans om beter matriekuitslae te behaal kan die sleutel tot ’n suksesvolle loopbaan in ingenieurswese wees. Deur die innoverende Xcel-program van die Noordwes-Universiteit (NWU), in vennootskap met Hoërskool Ferdinand Postma, word talentvolle matrikulante, wie se finale uitslae dalk in die pad van hul droom staan om ingenieurs te word, ’n waardevolle geleentheid gebied om hul passie na te streef.

Om meer oor die positiewe impak wat die Xcel-program reeds gemaak het, uit te vind, kliek hier: https://news.nwu.ac.za/xcel-opening-closed-doors-engineering